

JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees

Sondag 23 Junie

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:16 (AFR2020)

Lewe deur die Gees en nie die vlees nie

Ons ou mens is saam met Christus gekruisig, sodat ons sondige bestaan tot niet gemaak kan word en ons nie meer slawe van die sonde sal wees nie (Rom. 6:6). As dit so is, hoekom sukkel ons soms om van sekere sondes ontslae te raak? Dit is omdat iets van ons vlees nog aan ons kleef – noem dit die lyk van ons ou mens wat doodgemaak is, as jy wil. Op een of ander manier is ons nie heeltemal ontslae van die vlees nie.

Daar is egter ook 'n ander werklikheid in ons as gelowiges se lewe. Ons het die Gees van God in ons (Rom. 8:9). Hy woon binne-in ons.

Die gevolg is dat daar 'n stryd tussen die Gees en die vlees is, want die twee opponeer mekaar (Gal. 5:17). Dit is 'n stryd wat in elke gelowige se lewe voorkom en sy hele lewe lank duur.

Ons vertroosting is dat ons nie slagoffers van hierdie stryd hoef te wees nie. Dit is moontlik om die vlees teen te staan, naamlik deur die Gees. Die Gees stel ons in staat om ons vleeslike begeertes in toom te hou. Daarom die opdrag in Galasiërs 5:16: “Leef deur die Gees, dan sal julle beslis nie die begeertes van die vlees uitvoer nie.”

Om deur die Gees te lewe, behels om die pad van die lewe saam met Hom te stap, treetjie vir treetjie. Dit behels dat Hy ons lewe beheers. Die Gees en nie die vlees nie bepaal wat ons doen en nie doen nie. Dit beteken dat die sonde al meer afneem in ons lewe en die goeie al meer toeneem in ons lewe.

Ons is deur geloof in Christus alleen verlos, nie om die vlees te dien nie, maar om deur die Gees te lewe.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom)